basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2022

## VRYSTAAT

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Kortverhale (40)
   **OF**
   AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**Beantwoord Verhaal A EN Verhaal B.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. **Verhaal A** | 20 | 4 |
| " 'n Man kom tuis" | | |
| **EN** | | |
| **Verhaal B** | 20 | 6 |
| "Rooikoos Willemse is soek" | | |


**OF**

**Beantwoord Verhaal C EN Verhaal D.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 2. **Verhaal C** | 20 | 9 |
| "Die geheim" | | |
| **EN** | | |
| **Verhaal D** | 20 | 11 |
| "Leuens" | | |


**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs die EEN vraag.**


| | | |
|---|---|---|
| 3. *Perdekrag* | 40 | 14 |

## AFDELING A: KORTVERHALE

**VRAAG 1: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard (20)
EN
VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H. de Vries (20)

**VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, 'n klein koffertjie op die skoot, 'n week se baard op sy wange en 'n tamaai glimlag om die mond. Sy ander bagasie – 'n paar los pakkies en 'n halwe sakkie lemoene – lê agter op die sitplek.

"Ons is besig met die pad Skurweberg toe. Nou staan ek in 'n tent. Sien ek die familie so een keer 'n maand vir 'n naweek. Ek vlieg Saterdagmôre hier weg, dan kom ek voor aandete daar as ek gelukkig is. Volgende môre vlieg ek weer daar weg. Darem 'n nag. Darem iets."

Dis 'n duisend kilometer heen en terug. Dis moeite.

"Maar wat, daar's baie om voor dankbaar te wees," sê hy asof hy my gedagtes raai. "Dit kon verder gewees het."

Hy's middeljarig. Te oud, lyk dit my, om nog jong kinders te hê; te lank getroud om nog rasend verlief te wees.

1.1 Na watter dorp was Gouws op pad? (1)

1.2 Watter werk het Gouws gedoen? (1)

1.3 Gee EEN rede waarom Gouws se werk moeilik was. (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n hiperbool; | klanknabootsing; | kontras |

" ... 'n **klein** koffertjie op die skoot ..." (reël 1 en 2) en " ... 'n **tamaai** glimlag om die mond" (reël 2 en 3) is 'n voorbeeld van ... (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.5.1 en 1.5.2) en die antwoord neer.

"Ek vlieg Saterdagmôre hier weg, .... (reël 6) Volgende môre vlieg ek weer daar weg." (Reël 7)

Dit sê vir ons dat Gouws (1.5.1) (haastig/versigtig) was om by die huis te kom. Die volgende dag moes hy weer 'n (1.5.2) (vliegtuig haal/saamry-geleentheid kry) om terug te gaan werk toe. (2)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.6) neer.

Wanneer Gouws sê: "Darem iets." (Reël 8) sê dit vir ons dat Gouws ...

A opgewonde was oor die nuwe pad waaraan hy gewerk het.
B dankbaar was vir elke kans om huis toe te kon gaan.
C tevrede was omdat hy genoeg geld gehad het.
D gelukkig was om in 'n tent te bly. (1)

1.7 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Gouws het <u>elke naweek</u> huis toe gegaan. (1)

1.8 Gouws se spesiale huis toe kom, is die hoogtepunt in hierdie storie.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Gouws | A ... is deur die hond gewaarsku dat die man aankom huis toe. |
| 1.8.2 Gouws se vrou | B ... was die laaste om na die man toe te hardloop. |
| 1.8.3 Gouws se kinders | C ... het altyd mense langs die pad opgelaai. |
| 1.8.4 Die verteller | D ... het nie met leë hande by die huis gekom nie. |
| | E ... het besef daar is mense wat met min tevrede is. |

(4 x 1) (4)

1.9 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die gesin het nie gesien toe die verteller by hulle verbyry nie.
- Gouws het sy bagasie neergegooi om sy gesin te groet.
- Die verteller het Gouws in die hoofstraat afgelaai.
- Gouws het met al sy bagasie afgestap huis toe. (4)

1.10 Die verteller het besef dat Gouws nie soos die meeste ander mense is nie.

1.10.1 Waarom het die verteller omgedraai om te kyk wat Gouws doen? (1)

1.10.2 Waarom kan 'n mens sê dat Gouws 'n goeie voorbeeld vir ander mense is? (1)

1.11 Wat dink jy daarvan dat die verteller vir Gouws opgelaai het? (1)

1.12 Hoe het die skrywer jou gehelp om Gouws se spesiale huis toe kom te verstaan? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

Maar kyk, my dorp het – dit het ek al gesê – nie 'n kat se kans gehad teen hulle nie. Dit was daardie jaar wat die onderwysers ook begin rugby speel het en om die mense nou nie in die gesig te vat nie, kry hulle toe plekke, maar man, dit was 'n fout so groot soos 'n waenhuisdeur. Kantoorhandjies, bang, mik-mik hol nes vlakhase ...

Ewentewil. Hier kort vóór die eindfluitjie toe loop my dorp nog so kop aan kop met Barrydale. En kyk, nou moet jy darem verstaan, dit het g'n mens verwag nie. G'n mens nie, behalwe Rooikoos Willemse in sy dronkenskap. Jong, en die mense gaan te kere. Soos hulle die motors om die veld getrek het om te sit en kyk, én luister na die Transvaal-Boland-wedstryd oor die radio's, so het daar die motors gestáán en daar was later – soos ek gesê het – g'n mens meer in die motors nie.

1.13 Op watter dag van die week vind hierdie verhaal plaas? (1)

1.14 Gee TWEE redes waarom Rooikoos in die dorp se hotel gebly het. (2)

1.15 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) en die antwoord neer.

1.15.1 Rooikoos het rooi hare en 'n rooi ... gehad.

1.15.2 Hy was groot en het gewoonlik baie hard ...

1.15.3 Die oggend van die rugbywedstryd was Rooikoos vroeg al in die ...

1.15.4 Toe die Barrydalers daar kom, was Rooikoos klaar ... en wou hulle met mekaar baklei. (4)

1.16 Wie het die rusie tussen Rooikoos en die Barrydalers gestop? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.17.1 en 1.17.2) en die antwoord neer.

Die Barrydalers het gedink dat hulle 'n (1.17.1) (maklike/moeilike) oorwinning oor die dorp se span sou behaal. Rooikoos se optrede by die wedstryd het veroorsaak dat die Barrydalers (1.17.2) (tevrede/ongelukkig) teruggegaan het huis toe. (2)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

" ... **kop aan kop** ..." in reël 5 beteken dat ...

A die onderwysers in die dorp se span hulle koppe beseer het.
B die twee spanne ewe veel punte gehad het.
C die dorp se span besig was om te wen.
D Barrydale se span kop verloor het. (1)

1.19 Omdat Rooikoos Willemse te veel gedrink het, het hy baie moeilikheid veroorsaak.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.19.1 tot 1.19.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.19.1 Rooikoos Willemse | A ... se fout het veroorsaak dat sy span nie gewen het nie. |
| 1.19.2 Die Barrydalers | B ... moes gaan kyk of kamer elf se gas in die kamer was. |
| 1.19.3 Die losskakel | C ... het nie die persoon in die spieël herken nie. |
| 1.19.4 Jan | D ... was baie nuuskierig. |
| | E ... het 'n goeie naam gehad. |

(4 x 1) (4)

1.20 Toe Rooikoos in Barrydale se hotel wakker geword het, was alles vir hom bekend.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.21 Waarom was dit verkeerd van die mense op Rooikoos se dorp om ná die wedstryd nog drankies vir hom te koop? (1)

1.22 Waarom kan 'n mens sê dat die Barrydalers Rooikoos net op 'n mooi manier wou straf? (1)

1.23 Waarom kan jy aan die einde van die verhaal vir Rooikoos jammer voel? (1)

1.24 Watter les het jý uit hierdie verhaal geleer? (1)
**[40]**

**VRAAG 2: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL C: "DIE GEHEIM" – J van Melle (20)
EN
VERHAAL D: "LEUENS" – CM van den Heever (20)

**VERHAAL C: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

> Dou het met niemand oor die gebeurtenis gepraat nie, nie met sy familie in Schouwen nie en later ook nie by sy huis nie. Want hy het die gebeurtenis beskou as 'n besit wat hy, deur dit aan ander mee te deel, gedeeltelik sou verloor.
>
> Dit was soos 'n geskenk van 'n Hoër Hand. Was dit nie heerlik om te dink dat jy 'n kind gered het met gevaar vir jou eie lewe nie? Hy het die dood van naby gesien en hy het nie bang geword nie. Hy het gedink: Liewers verdrink, maar haar los, wil ek nie. Stel jou voor dat hy haar weer sou weggetrap het en haar dan nie meer sou beetgekry het nie? Hiervoor sal ek God my hele lewe dankbaar wees, dink hy dan.
>
> Altyd weer het die herinnering aan die gebeurtenis vir hom vreugde gebring. Hy het dit later, toe hy ouer was, ook nie aan sy nooi vertel nie.

2.1 Waarheen was die Noord-Bewelandse vrou en haar drie kinders op pad? (1)

2.2 Wie het op Leune gevloek toe sy op die boot se reling gestaan het? (1)

2.3 Leune het geskrik. Wat het toe met haar gebeur? (1)

2.4 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n hiperbool; | ironie; | kontras |

"Hy het dit later, toe hy ouer was, ook **nie aan sy nooi vertel nie**." (Reël 9 en 10)

Hierdie is 'n voorbeeld van ... want sy nooi (Leune) was die meisie wat hy gered het. (1)

2.5 "Die geheim" het ontstaan nadat 'n jong seun 'n jong meisie se lewe gered het.

Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | Die verteller | A | ... het baie styf aan die lewensredder vasgeklou. |
| 2.5.2 | Noord-Bewelandse vrou | B | ... het gedink die geheim is baie romanties omdat dit werklik is. |
| 2.5.3 | Leune | C | ... het geskrik en lelik gepraat. |
| 2.5.4 | Dou Snoek | D | ... het gesukkel om al die kinders veilig op die boot te hou. |
| | | E | ... het dadelik besluit om die drenkeling se lewe te red. |

(4 x 1) (4)

2.6 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

<u>Albei die kinders</u> het gou bygekom nadat die manne hulle uit die water gehaal het. (1)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.7) en die letter (A–D) neer.

Dou "het die gebeurtenis beskou as 'n besit wat hy, deur dit aan ander mee te deel, gedeeltelik sou verloor." (Reël 2 en 3). Dit beteken Dou het ...

A gedink mense sou vir hom lag.
B vir niemand van die gebeurtenis vertel nie.
C vir almal vertel hoe hy die meisie gered het.
D vir Leune vertel hoe hy die meisie gered het. (1)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.8.1 en 2.8.2) en die antwoord neer.

Dou en Leune was gelukkig getroud. Omdat Leune (2.8.1) (steeds/lank gelede) van haar redder gedroom het, het sy geweet sy moes haar geheim vir Dou (2.8.2) (vertel/wegsteek). (2)

2.9 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Leune en Dou is getroud.
- Dou en Leune het mekaar op 'n sendingfees ontmoet.
- Leune was al amper twintig toe sy nog nie 'n kêrel gehad het nie.
- Leune en Dou het uitgevind dat hulle dieselfde geheim gehad het. (4)

2.10 Dou en Leune het die krisis in die water nie op dieselfde manier hanteer nie.

2.10.1 Hoe het Dou die krisis hanteer? (1)

2.10.2 Hoe het Leune gereageer? (1)

2.11 "Liewers verdrink, maar haar los, wil ek nie." (Reël 6)

Hoekom herhaal Dou hierdie woorde aan die einde van die storie? (1)

2.12 Wat sou jý gedoen het as jy in Dou se situasie was? (1)

**EN**

**VERHAAL D: "LEUENS" – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

'n Ligte rooi blos wolk oor Naomi se wange en met 'n klein slukkie sê sy: "In Westcliff."

"O, dit is 'n heerlike buurt. Ons wou eers daar gaan woon het, maar kon nie 'n lekker geskikte huis kry nie." Naomi merk hoe haar vriendin, onderwyl sy gesels, na haar klere kyk, haar skerp opneem, en dit is asof in die grysblou oë bejammering aanskemer. Die leuen wat sy vertel het en hierdie blik in haar vriendin se oë verontrus haar, en die mensskuheid, wat sy in die laaste tyd so skerp ontwikkel het, word hewig in haar wakker. Sy wil weg na die ruimte buite. Sy verag haarself, maar dan hoor sy die simpatieke stem van haar vriendin. Daar kom 'n impulsiewe begeerte by haar op om alles aan Olga te vertel, om haar nood te kla en troos te soek. Maar onvriendelik glans die meubels haar weer teen, koud en hard, ...

2.13 Op watter dag van die week het Naomi na 'n mooi rok vir haarself gaan soek? (1)

2.14 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.

2.14.1 Naomi se man het jare gelede sy werk as ... verloor omdat hy agtelosig was.

2.14.2 Die ... het Naomi die Woensdagmiddag naby Olga se huis afgelaai.

2.14.3 Naomi het vir Olga gesê dat sy graag sou wou help om klere aan die armes in ... uit te deel.

2.14.4 Olga se kinders het duur speelgoed gehad, terwyl Naomi se seuntjie met ... moes speel. (4)

2.15 Waarom het Naomi leuens oor haar lewe vertel? (1)

2.16 Noem TWEE leuens wat Naomi vertel het. (2)

2.17 Naomi se lewe het baie verander vandat sy en Olga mekaar laas gesien het.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.17.1 tot 2.17.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.17.1 Naomi | A ... het gereeld oorsee gereis. |
| 2.17.2 Naomi se man | B ... het selfs in slegte tye altyd goeie planne gehad. |
| 2.17.3 Naomi se seuntjie | C ... het in armoede en 'n swak omgewing grootgeword. |
| 2.17.4 Olga | D ... was jare gelede aan 'n rykmanslewe gewoond. |
| | E ... het ander blameer vir dinge wat verkeerd geloop het. |

(4 x 1) (4)

2.18 Naomi se man was bly dat Naomi vir haar ou skoolvriendin sou gaan kuier.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.19.1 en 2.19.2) en die antwoord neer.

Daar was 'n groot verskil tussen Naomi en Olga se lewens. Olga se man het 'n (2.19.1) (suksesvolle/onsuksesvolle) loopbaan gehad, terwyl Naomi se man (2.19.2) (werkloos/onervare) was. (2)

2.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.20) neer.

" ... en die mensskuheid, wat sy in die laaste tyd so skerp ontwikkel het, word hewig in haar wakker." (Reël 7 en 8). Dit sê vir ons dat Naomi ...

A lief was vir mense.
B mense begin vermy het.
C nooit van mense gehou het nie.
D nie van mense gehou het wat skinder nie. (1)

2.21 Waarom kan 'n mens sê dat dit goed was vir Naomi om huis toe te stap? (1)

2.22 Waarom kan 'n mens sê dat Naomi en Olga hierna nie meer ware vriendinne sou kon wees nie? (1)

2.23 Waarom is 'n mens jammer vir Naomi oor die manier hoe haar man haar behandel? (1)

2.24 Watter les het jý geleer uit die feit dat Naomi leuens vertel het? (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 3: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Jy’s natuurlik te bang vir haar. As sy sê spring, dan somersault jy sommer. Jip. So gedink. As die miesies praat, dan lig Binki haar beentjies en trip-trip-trippel agter haar aan. |
| BINKI: | Is nie. |
| LUCKY: | Is. En erger. En jy gaan my ook nie sê wat jou crime was om hier te moet werk nie. *(Binki kyk hom woordeloos aan. Lucky sug.)* Oukei. Zippie lippie. *(Binki begin links wegstap.)* Nee, stoppit. Bly hier. Jy gaan nie agter haar aandraf soos 'n brakkie nie. Help my eerder om die bleddie stro – mis in die kruiwa te kry. Hei, ek sê, kom hier. Laat die kruiwa op sy kant lê. *(Binki maak soos hy sê.)* Ja, so. *(Lucky gaffel die strooi makliker in.)* In watter graad is jy? *(Lucky raak ongeduldig as sy aarsel.)* Beentjie-dientjie, ek vra, in watter graad is jy, of is dit ook 'n geheim? |
| BINKI: | Ek ... ek doen nou soort van matriek. |

3.1 Wat is die naam van die perdeplaas waar die drama afspeel? (1)

3.2 Wie het saam met Wilma op die perdeplaas gebly? (1)

3.3 Waarom het Lucky op die perdeplaas kom werk? (1)

3.4 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky moes vir een maand lank elke naweek op die perdeplaas werk. (1)

3.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n hiperbool; | personifikasie; | 'n vergelyking |

"Jy gaan nie agter haar **aandraf soos 'n brakkie** nie ..." (Reël 7 en 8). Dit is 'n voorbeeld van ... (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.6.1 en 3.6.2) en die antwoord neer.

Binki en Lucky se optrede teenoor Wilma was nie dieselfde nie. Binki was baie (3.6.1) (gehoorsaam/ongehoorsaam) en het alles gedoen wat Wilma vir haar gevra het om te doen. Lucky was onbeskof en het (3.6.2) (teruggepraat met Wilma/vir Wilma gejok). (2)

3.7 Wilma het goeie werk op die perdeplaas gedoen.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.7.1 tot 3.7.4) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.7.1 Wilma | A ... het respek vir diere en ander mense geleer. |
| 3.7.2 Lucky | B ... se gestremde lyf kon deur perdry geoefen word. |
| 3.7.3 Binki | C ... is betaal om op die plaas te werk. |
| 3.7.4 Ansie de Beer | D ... het beter gevoel oor wat met Grace gebeur het. |
| | E ... was nie meer bang vir perde en ander mense nie. |

(4 x 1) (4)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die letter (A–D) neer.

In reël 5 praat Lucky van Binki se "*crime*". Dit sê vir ons dat Lucky gedink het dat Binki ...

A die skool verlaat het.
B baie geheime gehad het.
C nie familie gehad het nie.
D iets verkeerds gedoen het. (1)

3.9 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.
- Binki het vir Lucky vertel wat met Dukie gebeur het.
- Binki het vir Lucky toebroodjies vir middagete gebring.
- Lucky het vir Binki vertel dat sy ma elke aand vir hulle kos kook. (4)

3.10 Wilma en Binki het 'n goeie verhouding gehad.

3.10.1 Waarom was dit mooi van Wilma om **soos 'n ma** vir Binki te sorg? (1)

3.10.2 Waarom het Wilma gedink dit was nodig dat sy Binki teen Lucky moes beskerm? (1)

3.11 Hoekom gebruik Lucky so baie Engelse woorde? (1)

3.12 Wat sou jý vir Lucky gesê het wanneer hy so lelik gepraat het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Vir jou gaan ek wys. Ek gaan julle almal wys.<br>*(Lucky kry 'n karwats in die stoorkamer en maak Kaizer se staldeur oop.)*<br>Kom nou. Toe, ek sê kom hier!<br>*(Lucky beduie kwaai met die karwats. Kaizer gaan staan in die oop deur.)*<br>Toe, kom, ek wil daardie vrou wys. Kom hiernatoe, bird brain.<br>*(Kaizer bly in die deur van die stal staan.)*<br>Hei, jy sal maak soos ek sê. Kom hier!<br>*(Kaizer bly staan. Lucky stap nader aan Kaizer en lig die karwats. Die oomblik toe hy vorentoe tree om Kaizer oor die neus te slaan, ruk Kaizer sy kop op en stamp Lucky terug. Lucky struikel agteroor en val in die hoop strooi. Kaizer runnik kwaai en trippel dreigend rondom en bo-oor Lucky. Lucky skuifel verskrik weg en Kaizer keer hom teen die staldeur vas. Lucky hou sy kop vas en skree bang.)*<br>Nee! Moenie! Asseblief! Moenie! Assesblieeeef! |

3.13 Watter dag van die week het hierdie insident gebeur? (1)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.14) en die letter (A–D) neer.

"Vir jou gaan ek wys. Ek gaan julle almal wys." (Reël 1) As Lucky so vir die groot perd sê, bedoel hy dat hy vir almal gaan wys dat ...

A hy nie vir perde bang was nie.
B hy dit sou regkry dat die perd na hom luister.
C perde nie omgee as 'n mens 'n karwats gebruik nie.
D perde nie omgee as mense hard met hulle praat nie. (1)

3.15 Waarom het Lucky vir Kaizer "bird brain" genoem? (Reël 5) (1)

3.16 Lucky het vir Kaizer vertel dat hy die katjies verdrink het. Noem TWEE redes waarom Lucky die katjies verdrink het. (2)

3.17 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (3.17.1 tot 3.17.4) en die antwoord neer.

3.17.1 Na die insident in die stal het Lucky vir Kaizer gevra om hom te ... vir sy slegte gedrag.

3.17.2 Kaizer het sy ... gelig en Lucky het dit vasgehou.

3.17.3 Lucky het vir Kaizer 'n emmer met nuwe ... gevat.

3.17.4 Wilma was ... oor die verandering in Lucky se gedrag. (4)

3.18 Elke karakter in hierdie drama speel 'n eie rol. Die dinge wat hulle doen, het gevolge vir ander karakters.

Kies elke keer die gevolg in KOLOM B wat by die dinge wat die karakters in KOLOM A doen, pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.18.1 tot 3.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.18.1 | Lucky het iets verkeerds gedoen. | A | Die perde is gebruik om ander mense te help. |
| 3.18.2 | Sabrina het baie tyd saam met haar vriende deurgebring. | B | Die swart hings het kwaai gereageer. |
| 3.18.3 | Wilma het haar eie perd laat seerkry. | C | Mevrou Mhlope het nie meer by die ryk mense gewerk nie. |
| 3.18.4 | Binki het letsels opgedoen toe hulle huis afgebrand het. | D | Binki het nie elke dag skool toe gegaan nie. |
| | | E | Binki het haar ma baie min gesien. |

(4 x 1) (4)

3.19 Binki het net bloese met lang moue gedra, want sy het altyd koud gekry.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

3.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.20.1 en 3.20.2) en die antwoord neer.

Lucky het Binki se bloes se mou (3.20.1) (per ongeluk/aspris) afgeskeur. Dit was eintlik 'n goeie ding vir Binki, want daarna het sy besluit om (3.20.2) (haar lewe by Wilma te aanvaar soos dit is/met haar ma vrede te maak). (2)

3.21 Waarom was dit verkeerd van Lucky om wit mense "ryk varke" te noem? (1)

3.22 Waarom kan 'n mens sê dat dit goed was dat Lucky by die perdeskool gaan werk het? (1)

3.23 Die titel van hierdie drama is *Perdekrag*. Hoe wys die slot van die drama vir jou dat die titel by die storie pas? Jy moet in jou antwoord na die betekenis van **die titel** en **die slot** verwys. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou